Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

*(Noord-Kaapse Afdeling)*

Saakno: CA & R 284/03

Datum Gelewer: 07 /05/ 2004

In die saak van:

**Anna J.M Malan**

*teen*

**Die Staat**

Coram: Kgomo RP et Goliath WnR

# Uitspraak op Appèl

**GOLIATH WnR:**

Die Appellant het op 11 Julie 2003 te Upington Landdroshof skuldig gepleit op `n aanklag van bedrog deurdat sy op 11 October 2002 R 8 000-00 onttrek het vanaf haar gewese verloofde se ABSA bankrekening sonder sy toestemming. Die skuldigbevinding is op 10 Oktober 2003 in die Upington Streekhof bevestig en Appellant is gevonnis tot 12 jaar direkte gevangenestraf en gewaarsku in terme van artikel 286 van Wet 51 van 1977. Appellant kom nou in hoër beroep teen vonnis.

Die Hoofgronde van Appèl is:

1. Dat die agbare hof misgetas het deur die persoonlike omstandighede te onderbeklemtoon.

2. Dat die agbare hof misgetas het deur die oorbeklemtoning van die aard en erns van die misdryf, die gemeenskapsbelang asook die vorige veroordelings van die Appellant.

3. Dat die vonnis van 12 jaar direkte gevangenesstraf skokkend onvanpas is.

Op die staduim toe sy gevonnis is, was die Appellant `n 39 jarige weduwee. Sy het 3 kinders onderskeidelik 7, 11, en 18 jaar oud, waarvan die oudste twee in pleegsorg was. Sy ontvang R 3000-00 per maand vanuit haar oorlede man se pensioenfonds en `n gedeelte daarvan word aangewend vir die

versorging van die kinders in pleegsorg.

Die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg is spruit voort uit haar saamleef verhouding met haar gewese verloofde, die klaer in die saak. Volgens haar pleitverduideliking, soos aanvaar deur die Staat, was sy en haar verloofde in `n argument betrokke. Hy het haar blykbaar weggejaag en sy is toe weg met sy motorvoertuig. Sy bankkaart was in die motor en in Upington het sy `n bedrag van R 8 000-00 getrek vanuit sy rekening sonder sy toestemming. Sy is `n maand later gearresteer.
`n Korrektiewe verslag was aangevra ter oorweging van `n gepaste vonnis. Die Korrektiewe beampte se hoof bevindinge is as volg:

a) Dat die Appellant, alhoewel sy die misdaad erken, geen berou toon vir haar daad nie.

b) Appellant se vorige veroordelings en die gebrek aan die moontlikheid van werk maak `n gemeenskapsgebaseerde vonnis `n risiko.

c) Appellant is `n gevaar vir haarself en die gemeenskap aangesien sy haarself nie kan beheer nie en dit tot die nadeel van die gemeenskap strek.

d) Dat `n vonnis opsie wat Appellant die geleentheid sou gee om in die gemeenskap te rehabiliteer, verteenwoordig `n risiko in die sin dat die omstandighede vir verdere misdaadpleging weer geskep kan word. Die Appellant se vorige veroordelings met gepaardgaande vonnisse

het nie die Appellant weerhou van misdaad nie.

e) Die gemeenskap moet beskerm word teen Appellant wat nie oor die vermoë beskik om haarself te beheer nie.

f) Die Appellant het geen geskiedenis van sielkundige en of psigiatriese behandeling nie. Sy het wel genoem dat sy by `n senuweekliniek was in 1992 maar die aard en omvang van die behandeling is onbekend.

Die Appellant het veertien vorige veroordelings as volg:

a) Vier oortredings van die Wet op Huurgelde.
b) Drie oortredings vir bedrog.
c) Vier oortredings vir diefstal
d) Een oortreding vir gebruik van voertuig sonder eienaar se toestemming
e) Twee oortredings vir valslik voorgee om `n Lid van die Suid Afrikaanse Polisie Diens te wees.

Die Appellant is aanvanklik waarskuwings, boetes en opgeskorte vonnisse opglê, en daarna kort termyn gevangenestraf. Op 14 Januarie 1997 is die laaste vonnis van 2 jaar gevangenestraf opgelê en Appellant is gewaarsku van die bepalings van artikel 286.

Die hof *a quo* het oorweging geskenk om die Appellant as gewoontemisdader te verklaar, maar daarteen besluit omdat dit nie `n billike vonnis sal wees nie. Die hof voer aan dat so `n vonnis te swaar sal wees. Die verklaring as `n gewoonte misdadiger beteken dat `n persoon `n onbepaalde periode gevangenestraf moet uitdien, maar ten minste 7 jaar. Volgens die bepalings van artikel 38 van Wet 8 van 1959 kan `n beskuldigde aangehou word vir `n tydperk van minstens sewe jaar en dat in die reël word so `n persoon nie langer as 15 jaar aangehou nie. ***S v Masisi*** 1996 (1) SACR 147 (O).

Tog meen die verhoorlanddros dat `n vonnis van 12 jaar direkte gevangenesstraf `n ligter straf is, as om as gewoontemisdadiger verklaar te word. Ek is van mening dat die verhoorlanddros misgetas het deur so `n bevinding te maak, aangesien `n gewoontemisdadiger in effek na sewe jaar in oorweging kom vir vrylating.

Die hof *a quo* voer aan dat die laaste vonnis van twee jaar nie die gewenste uitwerking gehad het nie en die hof is van oordeel dat die Departement van Korrektiewe Dienste langer kans gegee moet word om aan Appellant te werk ten einde vir haar te laat rehabiliteer.

Na my mening het die verhoorlanddros die Appellant se vorige veroordelings oorbeklemtoon. Sien ***S v Barnabas*** 1991 (1) SACR 467 (A). Die Appellant het inderdaad `n slegte rekord, maar dit is my mening dat die verhoorhof

onvoldoende aandag geskenk het aan die presiese omstandighede waaronder hierdie misdaad gepleeg is.

Die vraag ontstaan dus of die vonnis opgelê buitensporig swaar is in die sin dat hierdie hof daarmee behoort in te meng. Vonnis is altyd iets wat in `n besondere sin binne die diskresie van die verhoorhof lê. Dit is my mening dat die verhoorlanddros korrek bevind het dat direkte gevangenesstraf `n gepaste vonnis is onder die omstandighede.

Vir redes vermeld meen ek egter dat daar ingemeng behoort te word met die vonnis aangesien dit buitensporig swaar is.

**In die omstandighede word die volgende bevel gemaak:**

**a) Die appèl teen vonnis slaag.**

**b) Die vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende: 7 (sewe) Jaar gevangenesstraf.**

(c) Ingevolge Artikel 282 van die Strafproses**wet 51 van 1977 word die vonnis tot 09 September 2003 teruggedateer.**

**(d) Beskuldigde word weereens gewaarsku van die bepalings van artikel 286 van Wet 51 van 1977.**

______________

**P L GOLIATH**

**WAARNEMENDE REGTER**

**Ek stemsaam**

**_______________________**

**F D KGOMO**

**REGTER PRESIDENT**

| | |
|---|---|
| ADVOKAAT NAMENS APPELLANT: | Adv T. FOURIE |
| ADVOKAAT NAMENS VERDEDEGING: | Adv E. KAMMIES |